
# 43 Christus Lig van alle lig




Sonder troos breek elke dag
as u lig verborge bly;
vreugdeloos die môrewag
tot u liefde skyn in my,
tot die warmte wat U bring
deur my hele wese dring.

Heer, besoek vandag my hart,
neem besit van my gemoed,
dring deur sonde, pyn en smart,
ongeloof wyk voor die gloed
van u lig, wat meer en meer
skyn tot U alleen regeer.

William C. Dix (1837-98) C. Kocher (1786-1872)